higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN780**(A)**(J4)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE REKENAARPRAKTYK N4

(6030134)

4 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

INSTRUKSIES AAN LEKTORE

DIE INSTRUKSIES MOET DRIE WEKE VOOR DIE AANVANG VAN DIE EKSAMEN AAN DIE SENIOR LEKTOR/VAKHOOF: REKENAARPRAKTYK OORHANDIG WORD. DIE INSLEUTELMATERIAAL MAG SLEGS DEUR DIE LEKTOR GEBRUIK WORD EN GEEN KOPIEË MAG AAN KANDIDATE GEGEE WORD NIE.

Hierdie dokument bestaan uit 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1A: AFDELING A

1. Hierdie instruksies word vergesel van 'n hardekopie van VRAAG 1A.

2. Die verantwoordelike persoon moet VRAAG 1A van AFDELING A op die datadisket van elke kandidaat insleutel.

3. Hierdie datadiskette moet tot die eksamendatum op 'n veilige plek by die EKSAMENSENTRUM bewaar word.

4. Prosedure vir insleutel van data:

    4.1 Dit is belangrik dat die data presies ingesleutel word soos dit op die hardekopie verskyn.

    4.2 Kandidate sal gepenaliseer word vir enige tikfoute wat deur die lektor gedurende die insleutel van die data gemaak is.

    4.3 Kandidate sal ook gepenaliseer word vir die gebruik van verkeerde funksies terwyl die data ingesleutel is. Indien die data nie korrek ingesleutel is nie is die lektor verantwoordelik vir kandidate wat gepenaliseer word.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

VRAAG 1A

LET WEL: Maak seker dat die volgende stellings gedoen is voordat die teks ingesleutel word:

Op die *Home Tab*
- *Line Spacing – Single*

Op die *Page Layout Tab*
- *Indent – Left and Right at 0 cm*
- *Spacing – Before and After at 0 pt*



1. Sleutel die data in presies soos dit in die hardekopie verskyn.

2. Gebruik Courier New 12 pt.

3. Die linker- en regterkantruimte moet die verstek (*default*) wees van 2.54 cm/1".

4. Voeg in 'n kopskrif (*header*) V1A regsbelyn.

5. Stoor die dokument as V1A en kopieer die lêer na die geheuestokkie/ hardeskyf van die kandidate.

Tafelberg is 'n plat berg en 'n baie prominente landmerk wat 'n uitsig bied oor Kaapstad in Suid-Afrika. Dit lok menige toeriste, met baie besoekers wat die kabelspoor of voetpaaie na bo neem. Die berg vorm deel van die Tafelberg Nasionale Park. Die mees uitstaande kenmerk van Tafelberg is die gelyk plato wat oor ongeveer 3 kilometer van die een na die ander kant strek en begrens word deur indrukwekkende kranse. Die plato, met Duiwelspiek aan die oostekant en Leeukop aan die westekant, verleen 'n baie dramatiese agtergrond vir Kaapstad. Hierdie wye bergagtige hoogte, saam met Seinheuwel, vorm die natuurlike amfiteater waarvoor Tafelbaaihawe so bekend geword het.

----------***bladsybreuk***----------

Tafelberg lê aan die noordelike punt van 'n sandsteenbergreeks wat die ruggraat van die Skiereiland Kaapse vorm. Aan die suidekant van die hoofplato lê daar 'n laer gedeelte van die bergreeks wat die Agterste Tafel genoem word. Die reeks wat grens aan die Atlantiese kus van die skiereiland staan bekend as die Twaalf Apostels. Hierdie reeks strek suidwaarts tot by Kaappunt.

AFDELING B: SIGBLAD (*SPREADSHEET*)

Verander die verstekfont (*default font*) na Courier New 12 pt.

Kopiereg voorbehou